Tema: God is groot en Hy verdien al ons al ons lof en aanbidding!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 190: 1,2,3
Lied 207: 1,5.

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Sb 4 - 6: 1
Votum
Seën
Loflied Ps. 150 - 1: 1,2,3.
Geloofsbelydenis: Apostoliese Geloofsbelydenis.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Eksodus 20: 1 - 11 (eerste 4 gebooie)
Sing Ps. 105 - 1: 1,2,3
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Psalm 96
Sing: Ps. 118 - 1: 1, 14
Woordverkondiging.

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing: Sb 1-2: 1,2,3
Liefdegawe
Gebed vir BnB
Sing Lied 203: 1,5
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Waaroor wil jy vanmore die Here loof en Hom prys? Watter groot daad van God het jy die afgelope tyd raakgesien of net iets van God se grootheid beleef op grond waarvan jy vandag voor Hom wil neerval, Hom aanbid en groot maak? Wat sou jy graag vanmore vir ons oor God wou vertel?

Brs en srs en liewe kinders, dis die soort vrae wat Psalm 96 vir ons vra en wat ons moet oordink en beantwoord! Psalm 96 roep ons vanmore op om God te aanbid, sy grootheid en lof te besing en vir almal van Hom te vertel!

Kyk 'n bietjie weer na die opdragte in die Psalm waartoe ons opgeroep word: (skyfie 1)
Vers 1 en 2: Sing, sing, sing tot eer van die Here
Vers 2 en 3: Verkondig sy verlossingsdade en vertel vir die nasies van sy mag
Vers 7 en 8: Prys, prys, prys die eer van sy Naam
Vers 8 en 9: Kom na sy voorhof (tempel), bring vir Hom offers, buig voor die Here
Vers 10: Verkondig (weer) onder die nasies!
Vers 11 en 12 : – Wees bly (hemel, aarde, see, veld en bome).

Waarom al hierdie opdragte om God te loof? Ons kry die antwoord in die middel van die Psalm: **(Skyfie 2)**
Vers 4 en 5 en 6:
[4]Die Here is groot, al die lof kom Hom toe, ontsagwekkend is Hy bo alle gode. [5]Al die gode van die volke is niks: dit is die Here wat die hemele gemaak het. [6]Majesteit en luister straal van Hom uit, krag en glans vul sy heiligdom.

Vers 13 bevestig dat hierdie grote God die Koning van die aarde is en dat Hy weer kom!

Dus br. en sr en liewe kind, waaroor wil jy vanmore sing en die Here loof en prys? Wat kan jy vanmore van die Here vertel? Watter groot dinge van God maak jou opgewonde en wil jy vir almal van vertel? Waarom is jy vanmore hier in ontmoeting met Hom? Wat het jy vir die Here gebring? Hoekom wil jy vanmore in aanbidding neerbuig? Waaroor is jy vanmore bly?

Deur Psalm 96 leer Dawid ons vanmore en dit is die tema: God is groot en Hy verdien al ons lof en aanbidding!

Die Here is groot!!!
Dawid het dit baie goed geweet want hy het dit eerstehands van God ervaar! Dawid het hierdie psalm spesiaal vir die Here geskryf vir die groot oomblik en dag toe hy en die volk die ark van die Here vir die eerste keer na Jerusalem gebring het en daar in die tent van aanbidding gaan neersit het. Ons lees in 1 Kronieke 16 hoe Dawid, die priesters en die Leviete die ark van die Here in Obed-Edom gaan haal het, offers gebring het en onder orkesbegeleiding en met koorsange die ark in Jerusalem ingedra het! Dawid het van blydskap voor die ark uitgedans!
Vir hierdie geleentheid het Dawid die psalm saam met 2 ander geskryf en vir **die eerste keer laat speel en sing om die Here met 'n nuwe lied te loof en te prys!**

Want vir Dawid was God werklik groot! Dawid het dit in die veld agter die skape eerstehands beleef hoe die Here Hom gehelp het as hy sy skape teen wilde diere moet beskerm! Hy het die grote God in aksie gesien die dag toe die Here die klein klippie uit sy slingervel gebruik het om die reus Goliat te oorwin! Dawid het die mag en krag van die Here geken!

Dawid het ook die verskrikking van die Here se oordeel oor sy sonde geken toe die Here sy en Batseba se seuntjie laat sterf as straf op hulle sonde! Maar Dawid het ook die onbegryplike groot genade van **vergifnis beleef** toe Hy daar in die tempel sy sonde voor God bely en God Hom vergewe het! Dawid het die genade van God gesien toe Salomo gebore word en **Dawid het die grootheid van die Here gesien in die** manier waarop God hom as koning van Israel gebruik het! Dawid het geweet die Here is groot en Hy verdien al ons lof, en aanbidding! Ons moet vir almal van Hom vertel! Daarom hierdie nuwe lied spesiaal vir die Here!

Die vraag is nou net br. en sr en liewe kind: Hoe groot is God vir my en jou?
Hoe sien ons die Here en wat sou ons vanmore oor Hom kom vertel? Watter groot dinge van die Here in jou lewe sou jy kon van vertel?

Ek wil die vraag vir ons kinders so probeer verduidelik: kom ons sê jy is lief vir rugby of atletiek en jy het ’n rugby- of atletiekheld wat jou held is en jou motiveer (Marthinus, Rhyn of Abrie?) Sê nou maar Hoessein Bolt – die vinnigste man op aarde – sou hulle held wees. Ek is seker Marthinus sal jou alles van Hoessein Bolt kan vertel: sy beste wedlope! Sy vinnigste tye in die 100 en 200 m, alles oor sy lewe! Hoe oud hy is, hoeveel hy weeg en wat sy grootste prestasies was! Jy kan nie ophou praat oor hom nie!

Of kom ons sê jy het ’n sanger of sangeres of popgroep waarvan jy baie hou! Jy speel elke dag hulle musiek! Jy ken amper al hulle liedjies en kan dit woordeliks saamsing! Jy volg hulle op Instagram en Twitter en jy weet presies waar hulle is en wat hulle doen! Jy vertel van almal van hulle nuutste musiekvideo op You Tube! Jy is absoluut mal oor hulle!

Brs en srs, kan ons oor God praat soos tieners oor hulle helde of rolprentsterre of musieksterre? Is God vir ons so groot en wat Hy hy doen so aangrypend dat ons ook nie oor Hom kan opbou praat nie? Dat ons ook met respek gesê: mal kan wees oor God?

Hoekom nie? Hoekom gebeur dit dat ons dikwels nie so opgewonde oor God raak en so groot van Hom dink nie? Dat God eintlik maar op die op die kantlyn van ons lewe staan en ons Hom so af en toe raaksien?

Die eerste rede daarvoor is dat ek gewoonlik te groot raak in my eie oë. (wys skyfie 3)
Dit was mos die eerste sonde van Adam en Eva – Hulle wou soos God wees! Hulle wou die belangrikste plek in die heelal inneem! En hierdie oersonde leef in elkeen van ons! Dat alles om my draai! My belange en my wêreld is die belangrikste en God moet daarby inval.

Hoe groter ek en my wêreld word, hoe kleiner sien ek God!
Die tweede rede dat ons nie God in sy grootheid en heerlikheid raaksien nie, is Satan en die sonde waarmee hy ons aandag van God af wegtrek! Hy laat ons so fokus op hom en sy werke dat ons God naderhand nie meer kan raaksien nie! Wanneer die dinge van die wêreld vir my belangriker word as God! My voorspoed, my gesondheid, my geluk, die plesier van die lewe druk Satan tussen my en God in, sodat ek Hom nie meer raaksien nie!

Die derde rede waarom God se klein is in ons oë, is dat ons te min tyd met God deurbring! Ons fokus doodgewoon te min op die Here en sy werke! Ons ken God net nie goed genoeg nie omdat ons nie genoeg tyd met Hom deurbring en Hom in en deur sy Woord leer ken nie! Wie is God en wat doen Hy? Daar is net nie tyd om daaraan te dink nie!

En daarom het ons ook nie veel te vertel nie! Ons kan nie van God se wonderdade praat nie en ons kan ander nie vertel van wat die Here in ons lewe doen nie, want ons sien Hom doodgewoon te klein!

Nee, broers en susters, ons God is nie sommer net so 'n godjie wat ons eenkant in ons lewe kan sit nie! God is groot en heerlik en Hy regeer oor ons lewe!
Vers [4]Die Here is groot, al die lof kom Hom toe, ontsagwekkend is Hy bo alle gode. [5]Al die gode van die volke is niks: dit is die Here wat die hemele gemaak het. [6]Majesteit en luister straal van Hom uit, krag en glans vul sy heiligdom.
Vers 13 beklemtoon ook : God regeer en Hy is die een wat regverdig oor mense oordeel!

Nee, ons God is nie sommer so godjie wat soos afgode eenkant gesit kan word nie!

Dit het God vir ons deur Jesus Christus gewys! Hy stuur Christus uit die hemel om ons iets van sy heerlikheid, almal en genade te laat sien! Hy stuur iemand wat soos Hy is, Heilig en Volmaak sodat ons God deur kan leerken!
Hoor hoe beskrywe Johannes Christus se koms na die aarde in Johannes 1: (lees saam met my – skyfie 4)
1 In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.
[2]Hy was reeds in die begin by God. [3]Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. [4]In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. [5]Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie.
[9]Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe. [10]Hy wás in die wêreld — die wêreld het deur Hom tot stand gekom — en tog het die wêreld Hom nie erken nie. [11]Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie.
[12]Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. [13]Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore.
[14]Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

[16]Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang.

Geliefdes, God stuur Christus om ons sy Grootheid, Almag, heerlikheid en genade te kom wys! In Christus maak God dit vir my en jou persoonlik – dat Hy ons in Christus deel maak van hierdie dinge! In Christus kom leer Hy ons hoe ons God werklik kan sien in sy groot en genade! **Wanneer ek op Christus fokus en dit wat God deur Christus vir my gedoen het, dan kan ek nie anders as om in aanbidding neer te val, myself klein voor God te maak en Hom te loof en prys nie! Dit kan ek nie ophou praat oor die genade wat God ook aan my bewys het nie!**

Wys skyfie 5
Wie deur die bril van Christus na God kyk: hy of sy kan nie anders as om in verwondering voor God neer te val en Hom te aanbid nie! Dat God my in sy groot genade deel gemaak het van Christus se koninkryk, dat God deur Christus oor my lewe regeer en dat Hy die een en die al van my bestaan is! Dan word groot in my oë!
My sonde word vergewe en ek is nie meer my eie gevange wat net op myself fokus nie! Nou kan ek op God fokus en op my naaste fokus om hulle met liefde te dien!

Nou is my lewe nie meer die belangrikste nie, maar die Koninkryk van God en wat ek doen, doen ek om sy Wil te laat geskied en sy Koninkryk te laat kom!

Ek kan nie ophou getuig dat God my liefdevolle Vader in Christus geword het en dat Hy vir my sorg! Daarom hoef ek nie myself groot te maak nie – God het my reeds groot gemaak deur my sy Kind te maak en vir my ’n nuwe lewe te gee! Ek behoort nou aan Hom en my hele lewe is in sy hand! ’n Lewe van Genade, van liefde, van hoop en troos!

In Christus kom God ook heel wat stukkend is in my lewe – ons lewens wat so maklik uit mekaar kan val – Christus kom heel en bring genade in ons pyn en leed! “Hy kom maak weer reg wat sonde hier gebreek het” sing ons in die mooi aanbiddingslied

Hy sorg vir my – vir alles wat ek nodig het! Ek hoef my nie te bekommer nie en ek hoef oor niks besorgd te wees nie! God is my Vader in Christus – Hy sal voorsien!

Nou het ek ’n lewe met ’n toekoms want soos Dawid voorspel het, het God in Christus gekom en gaan Hy weer kom! Dit wat nou hier op aarde aangaan is nie die einde nie! God is in beheer en Hy stuur alles volgens sy plan! Ek moet net op Hom vertrou!

Ja, God is waarlik groot en daarom aanbid ons God, ons loof en prys Hom en ons vertel vir ander van Hom want Hy kom weer! Dan sal Hy finaal regverdig oor almal se lewe oordeel!

Ons wil dat almal sy roem verkondig! Want dit is waartoe ons opgeroep word in die Psalm! Dis nie net ons as kerk en gelowiges wat God moet loof en prys nie **– al die nasies moet dit doen en ons moet hulle wys hoe!** Ons weet hoe groot ons God is!

Ons weet dit Sondae wanneer ons hier bymekaar kom! Dat ons regtig kom om te kom doen wat die Here ons hier in Psalm 96 leer:

Kyk weer: vertoon skyfie 6
Kyk weer na die opdragte en vra jouself: hoekom kom ek erediens toe?

Ja ons kom erediens toe om God te kom aanbid en Hom te loof en te prys! Dat ons maar weer Psalm 100 kan sing en elke keer as ’n nuwe lied kan sing wat elke keer staan ons opnuut verwonder oor God! Dat ons keer op keer met oorgawe die Here kan loof en prys met ons sang en gebede en dienswerk!

Dat ons hier opgewonde kan vertel van alles wat God in ons lewe doen en beteken en Hom daarvoor eer en prys

Dat ons kom om voor Hom te buig – ons dien Hom en ons aanbid Hom en ons bring ons hele lewe as ’n offer

Dat ons bly is – want ons ken – soos Dawid - die grote en heerlike God deur Jesus Christus ons Here en Hy verdien al ons lof en aanbidding tot in ewigheid.

Ja, kom ons jubel dit vanmore uit: Ons God is groot en Hy verdien al ons lof en aanbidding! Dis waarom ons hier is en dis waarom ons elke Sondag kom! Ons kom dien die Here! Ons kom brag en spog oor ons God – Hy is ons held en kan nie ophou om oor Hom te praat nie!

Amen